El Zera Privaatskool

saad wat op goeie grond val

Belewenisgesentreerd
Individu gefokus
Holistiesgeoriënteerd
Karaktervormend
Afrikaansgebaseerd

Prospektus

Skoollied

Vers 1:
In boomryke strate van mooi Fontainebleau
Staan daar ‘n skool wat ek ewig onthou
‘n Rotsvaste vesting waar ek veilig voel
My lewe maak sin ek weet ek het ‘n doel

Vers 2:
Zeries bly vriende tot die einde van tyd
Ons bou aan karakter en lojaliteit
Hier leer ons van liefde wat alles verdra
Veilig gedy ons in u El Zera

Koor:
El Zera, El Zera
Saad wat op goeie grond val
El Zera, El Zera
Ek groei tot my potensiaal

Vers 3:
Ek weet wie ek is en waarvoor ek staan
Ek’s lief vir my God, vir my land en my taal
‘n Skadu vir ander wat my nodig kry
Ons is ‘n familie en staan mekaar by

Vers 4:
Respek vir my ouers, my vriende, myself
En vir onderwysers wat my altyd help
Liefde vir sport, vir kultuur, vir my werk
Die vrug wat die Heilige Gees in my sterk

Koor:
El Zera, El Zera
Saad wat op goeie grond val
El Zera, El Zera
Ek groei tot my potensiaal

Vers 5:
Ek glo in myself en sal aanhou probeer
Gee altyd my beste in als wat ek leer
Ek weet ek’s geliefd en selfstandig daarby
Om werklik-waar kind te kan wees maak my vry

Koor:
El Zera, El Zera
Saad wat op goeie grond val
El Zera, El Zera
Ek groei tot my potensiaal

PERSONEEL

Catherine Jones
Skoolhoof/Eienaar

Susan du Plooy
Adminkantoor

Twanette Staunton
Gr. R-1 Graadvoog

Daleen Massÿn
Gr. 2-3 Graadvoog

Roelien Greyling
Gr. 4 Graadvoog

Vanessa Boshoff
Gr. 5 Graadvoog

Lizette Brink
Gr. 6 Graadvoog

Izelle Pretorius
Gr. 7 Graadvoog

Anna Maledi
Skoonmaker

Mike Sithole
Instandhouding

BRIEF VAN DIE HOOF

Liewe voornemende *El Zera*-ouer

Welkom by ons stukkie hemel op aarde. Hier kry elke **hart** 'n huis en daar is genoeg sonskyn om almal te verwarm.

Hierdie is ons hartsplek. Hier skep ons asem. Hier is ons **passievol** oor mense-kinders. Wat laat hulle "*tick*"? Wat is elkeen se unieke talente en sterkpunte? Wat is elkeen se uitdagings? Hoe kan ons hulle help vorm in gebalanseerde **individue** wat hulle hele menswees vreesloos omarm?

El Zera is 'n skool waar mense en **verhouding** die middelpunt is. Onder ons groot Jakarandaboom se skadu, word ons 'n familie. Ons groei saam. Ons lag saam. Ons huil saam. Ons maak mekaar se spreekwoordelike bekers tot oorlopens toe vol! Soveel so, dat ons nog genoeg het om vir ons **gemeenskap** te skink.

Hier skep ons lewenslange leerders in die skool van die lewe. Ons **vernuwe** onsself gereeld en daag die norm uit. Soos Dr. Zuess sê: *"Why fit in when you were born to stand out?"*

Ek nooi jou uit: Kom **ervaar** *El Zera*. Dit is nie net 'n skool by 'n sekere adres nie.

El Zera is 'n gevoel wat jy kry wanneer ons kinders hulle skoollied met **trots** sing en uitbundig lag en speel.

Ek het my plekkie in die ***El Zera*-son** gekry. Hier is 'n plek vir jou ook.

Zerie-groete.

Catherine Jones

Skoolhoof
Eienaar El Zera Privaatskool

SKOOLURE

Skool begin soggens stiptelik om 07h25 vir alle leerders en leerders kan vanaf 06h30 by die skool afgelaai word.

Skoolure:	gr. R-1	7:25-13:00 en Vrydae om 12:30
	gr. 2-3	7:25-13:30 en Vrydae om 12:30
	gr. 4-5	7:25-13:45 en Vrydae om 13:00
	gr. 6-7	7:25-14:00 en Vrydae om 13:00
	gr. 8-9	7:00-14:15 en Vrydae om 13:05

Let asseblief daarop dat die eerste periode soggens stiptelik om 7:25 begin

Spesiale reëlings vir gr.4-7:

- Geselekteerde Buitemuurs vir gr 4-7 vind plaas op Maandae – Donderdae van 14h00 tot 15h00.
- Die skool kom om 11h30 in eksamentye vir gr. 4-7

Naskoolsentrum ure:

14:00-17:00 (Maandae – Donderdae) en 13:00- 16:00 (Vrydae)

Verkeersopeenhoping tydens oplaai-tye

1. Wanneer leerders opgelaai word smiddae moet Eliseweg as ‘n een rigting straat beskou word.
   a) Wanneer u die perseel binnekom, MOET u van onder af uit Rabiestraat se kant af ons perseel binnekom
   b) Wanneer u die perseel verlaat, MOET u na boontoe draai in die rigting van Silverpinestraat se kant toe die perseel verlaat

Wat maak *El Zera* so uniek

KENNIS

- Positiewe versterking van leerders se goeie eienskappe
- Rus leerders toe met kennis oor hul unieke uitdagings asook vaardighede om dit te oorkom
- Opgeleide, passievolle personeel met uitstekende vakkennis wat die kern kwaliteit uit die Kurrikulum haal en aanbied op só wyse dat ‘n wye verskeidenheid leerstyle geakkommodeer kan word en leer op ‘n genotvolle manier kan plaasvind
- Opleiding aan personeel en ouers deur deskundiges ten einde leerders beter by te staan

VERHOUDINGS

- Klein 100-persoon gemeenskap
- Klein klassies van 12 leerders elk
- Vier familie aangeleenthede waar ouers, personeel en leerders gemeenskap en samehorigheid kan bou
- Oop, deeglike en deursigtige kommunikasie met alle belanghebbendes by die skool

WAARDES

- Christelike etos
- Lewenslange leer
- Prys die poging, nie net die resultaat nie
- Heelheid en welstand van ons leerders, ouers, personeel en gemeenskap

Inisiatiewe & Dienste

Grondslagfase:

- **Buitemuurse aktiwiteite:**

  Ons Grondslagfase leerders ontvang hierdie jaar die volgende aktiwiteite (binne skoolverband)

  > Klasmusiek (Blokfluit, Sang, Dans, Spreekkoor)

  > Balvaardighede (*Playball,* Netbal, Krieket)

  > *Six Bricks / Speed Stacking / Junior Lab*

- **Terapie**

  > *Tomatis* klankterapie

  > Graad R-3 het die opsie om weekliks arbeidsterapie te ontvang, bý die skool en gedurende skool-ure, teen 'n addisionele fooi (R450 per sessie) aangebied deur eksterne terapeute.

Intermediêre Fase:

- **Buitemuurse aktiwiteite:**

  > Netbal / Krieket
  > Landloop / Fiksheid
  > Kuns
  > Kitaarlesse
  > Robotika / Skaak
  > Drama-klub (ekstern afgerig deur Vasti Welthagen)
  > Sang & Dans (ekstern afgerig deur Michelle-Ann Meyers)

  .

SKOOLDRAG

Ons verskaffers is **Mac School Wear (PTY) LTD**. Kontak besonderhede:

Winkel no.12
Upper Level, Sloane Square Shopping Centre
18 Sloane Street
Bryanston, Santon 2191

Kontakbesonderhede:

Tel nommer: Denise Simon 063 402 3340 / Nadia 069 213 3688
macschoolwear@gmail.com

Aanlyn Navrae:

'n Elektroniese vorm vir aanlyn navrae kan op hierdie skakel gevind word:
https://macschoolwear.com/shop/

Somersdrag

Wintersdrag

INSKRYWINGS

Voordat u kind by *El Zera* Privaatskool geregistreer kan word, moet u asseblief 'n afspraak maak met die Skoolhoof, Catherine Jones-Grobbelaar, vir 'n agtergrondgesprek rakende u kind. Daarna word 'n addisionele inname datum geskeduleer vir u kind.

Ouers sal na afloop van hierdie inname in kennis gestel word of die leerder toelating ontvang, al dan nie. Indien die aansoek suksesvol is, moet die volgende dokumente en fooie aan die skool voorsien word alvorens die leerder by die skool inskakel:

1. Voltooide Agtergrondvraelys
2. Voltooide Inskrywingsvorm (en Naskoolvorm – indien van toepassing)
3. Voltooide Vrywaringvorms (waar van toepassing)
4. 'n Gesertifiseerde afskrif van die leerder se geboortesertifikaat
5. 'n Afskrif van die leerder se immuniseringskaart
6. Die leerder se mees onlangse skoolrapport
7. Enige opvoedkundige of mediese verslae van toepassing (Bv. 'n verslag van die neuroloog, mediese dokter, arbeidsterapeut, sielkundige of spraakterapeut)
8. Oorplasingssertifikaat van vorige skool (nie van toepassing vir graad R leerders nie)
9. Oorspronklike uitdruk, met die skoolstempel daarop, van die leerder se laaste drie (3) maande se rekeningstate by die vorige skool.
10. Bewys van betaling van jaarlikse diensfooi en eerste maand se skoolfonds:

Gr. R

→ Betaling van diensfooi:	**R5 000.00**
→ Betaling van eerste maand se skoolfonds**:**	**R5 000.00**
→ Totaal verskuldig:	**R10 000.00**

Gr. 1-3

→ Betaling van diensfooi:	**R5 000.00**
→ Betaling van eerste maand se skoolfonds**:**	**R6 000.00**
→ Totaal verskuldig:	**R11 000.00**

Gr. 4-7

→ Betaling van diensfooi:	**R5 000.00**
→ Betaling van eerste maand se skoolfonds**:**	**R7 000.00**
→ Totaal verskuldig:	**R12 000.00**

Bankbesonderhede: *El Zera* Privaatskool cc, Standard Bank Besigheidsrekening, Takkode: 006305, Rekeningnr: 402044487. Bewys van betaling moet asseblief gestuur word na admin@elzera.co.za met die leerder se naam en van as verwysing.

Vorms:

Inskrywingsvorms asook uiteensetting van skoolfonds en ‘n agtergrondvraelys is apart agter in hierdie Prospektus te vind.

Jaarprogram:

U kind se volle jaarprogram vir sport, kultuur en familie byeenkomste is apart in hierdie Prospektus te vind.

Toelatingsbeleid:

Leerlinge word op grond van die volgende kriteria gekeur vir toelating tot *El Zera* Privaatskool:

1. Die leerder moet beskik oor ‘n gemiddelde of bo-gemiddelde verstandelike vermoë.
2. *El Zera* is ‘n Christelike, Afrikaanse skool en leerders moet dus Afrikaans as Eerste Taal beoefen en die skool se Christelike etos aanvaar.
3. Leerders moet aan die skoolreëls in die Prospektus vervat, voldoen. Die skool maak nie voorsiening vir leerders wat gedragsuitvalle toon nie.
4. Ouers moet aan riglyne in hierdie Prospektus vervat, voldoen. Die skool maak staat op ouers wat verantwoordelikheid neem vir hul kind se opvoeding saam met ons. Wedersydse respek tussen ouers en opvoeders is van kardinale belang en ouers moet by die reëls en stipulasies van die skoolbeleid hou.

Jaarlikse aansoek vir hertoelating:

Let asseblief daarop dat leerders jaarliks heraansoek doen om toelating. Voorvereistes vir hertoelating sluit in, maar is nie beperk tot, die volgende aspekte:

- ✓ Goeie leerdergedrag en voldoening aan skoolreëls.
- ✓ Voldoening aan riglyne vir ouers, soos uiteengesit hiernaas.
- ✓ Volle en tydige betaling van skoolfonds.
- ✓ Bywoning en betrokkenheid by skool byeenkomste.
- ✓ Getroue skoolbywoning.

NIE-ONDERHANDELBARE ASPEKTE WAARTOE OUERS TOESTEM TYDENS INSKRYWING

Daar is duidelike, nie-onderhandelbare aspekte waartoe ouers moet instem voor inskrywing van hul kind by *El Zera* Privaatskool:

1. Skoolfonds:
    a. Skoolfonds moet elke maand, op die 1ste dag van die maand vooruit en ten volle, vereffen word.
2. Stiptelikheid en skoolbywoning:
    a. Leerders moet soggens betyds afgelaai word by die skool.
    b. Leerders moet smiddae betyds opgelaai word. Onderwysers se tyd is kosbaar en gerespekteerd. Skoolure is offisieël en nie-onderhandelbaar nie.
    c. Leerders moet elke dag skool bywoon, tensy 'n doktersbrief hul van skoolbywoning verskoon.
    d. Leerders moet stiptelik by tye van Naskool hou om boete heffing te voorkom.
3. Respek:
    a. Kinders moet hul ouers en skoolmaats se ouers, hul onderwysers en hul skoolmaats te ALLE tye met respek hanteer.
    b. Ouers moet hul kinders, ander kinders in die skool, ander ouers van die skool en die skool se personeel te ALLE tye met respek hanteer.
    c. Opvoeders moet ouers, leerders en kollegas te ALLE tye met respek hanteer.
4. Afrikaans, Christelike etos:
    a. Leerders en ouers van *El Zera* Privaatskool, aanvaar die etos van die skool, wat gebaseer is op die Afrikanerkultuur en die Christelike geloof, en leef hierdie waardes uit.
5. *El Zera* onderrigmodel verstaan en aanvaar in geheel:

    Ouers moet die beleidstellings, filosofie, onderliggende pedagogiese teorieë en proses-implementering wat die *El Zera* Onderrigmodel onderskraag, ten volle verstaan en aanvaar voor inskrywing van hul kind by *El Zera* Privaatskool.

VOLLE verantwoordelikheid word aan ouers toevertrou vir:

- Hulp met huiswerk, toetse en eksamenvoorbereiding, mondelinge praatjies, kreatiewe skryfwerk, voorbereide lees, navorsing vir take,
- Stiptelike oplaai en aflaai van leerders,
- Getroue skoolbywoning,
- Noukeurige lees van omsendbriewe en Whatsapp boodskappe,
- Bywoning van verpligte byeenkomste,
- Merk van leerders se besittings,
- Inpak van gesonde kosblikke en
- Versekering dat leerders alle benodigdhede skool toe bring.

SKOOLREËLS

Die skool het die volgende skoolreëls saamgestel in terme van seksie 8 van die Nasionale Wet. Die Skoolreëls word daar gestel om die belange van leerders en enige ander partye betrokke by dissiplinêre aksies, te beskerm. Weiering om hierdie reëls na te kom, sal lei tot dissiplinêre stappe, soos uiteengesit in die skool se dissiplinêre proses. Die skoolreëls word soos volg opgesom:

Die skool het skoolreëls daar gestel om

- Te help bou aan 'n positiewe stel norme en waardes
- Trots en vertroue te kweek
- Goeie maniere, respekvolle optrede en sosiaal aanvaarbare gedrag te kultiveer
- Grense en verwagtinge aan leerders te stel waarvolgens hul gedrag aangepas kan word
- Harmonie en 'n veilige skool-omgewing te skep vir leerders, ouers en personeel

1. Gedrag, Respek en Goeie maniere

a) Leerders toon altyd onberispelike gedrag, goeie maniere en respekvolle optrede teenoor ander.

b) Volwassenes word gerespekteer in watter kapasiteit ook al. (Onderwysers, Ouers, Toergidse, afrigters, skeidsregters, beoordelaars, toesighouers en werkers by die skool)

c) Volwassenes en maats word met respek gegroet en bedank. Leerders groet volwassenes met 'n vriendelike handdruk. Seuns en dogters groet mekaar en ander skole se leerlinge met 'n glimlag en knik van die kop.

d) 'n *Zerie* sê altyd asseblief, dankie, verskoon my en ekskuus by die aangewese geleentheid.

e) *Zeries* staan op wanneer 'n volwassene in 'n klaskamer instap en wanneer hul buite die klaskamer met 'n volwassene gesels.

f) Leerders groet altyd besoekers by die skool vriendelik met 'n ferm handdruk waar van toepassing, terwyl die ander persoon in die oë gekyk word.

g) Voordat 'n leerder by 'n ander onderwyseres se klas instap, word daar eers aan die deur geklop. Die leerder vra dan om verskoning vir die onderbreking waarna hy/sy, met toestemming van die spesifieke onderwyser, voortgaan om die rede vir die onderbreking aan die onderwyser te stel.

h) Indien 'n leerder laat is vir klas, moet die leerder aan die deur klop, verskoning vra dat hy/sy laat is en dan by sy/haar lessenaar gaan sit.

2. *Uniform en Netheid*

a) Skooluniform word korrek en netjies gedra. Leerders sal vroegtydig in kennis gestel word wanneer dit toelaatbaar is vir hulle om ander klere skool toe, of na skoolverwante funksies, aan te trek.

b) Persoonlike higiëne en netheid moet altyd gehandhaaf word: Hare word kort gesny / hare word netjies vasgemaak, gesig en tande is mooi skoon, naels word kort geknip.

3. ***Klaskamerreëls***

a) *Zeries* is stil wanneer ‘n persoon voor die rye, voor in die klas of in die saal hulle toespreek.

b) Wanneer ‘n leerder ‘n spreekbeurt verlang, word ‘n hand opgesteek en gewag tot die beurt toegestaan word.

c) Wanneer ‘n leerder die klas wil verlaat om toilet toe te gaan gedurende akademiese aanbieding, maak hy/sy ‘n sterretjie met hand om toestemming te vra om die klaskamer te verlaat. Die onderwyser maak ‘n sterretjie met die hand om die versoek toe te staan. Die leerder moet flink terugkeer na die klaskamer. Verskillende leerders word nie toegelaat word om terselfdertyd die klaskamer te verlaat nie.

d) Klaskamergedrag is altyd liefdevol, respekvol en konsidererend.

e) *Zeries* gee altyd hul beste en skriftelike werk is netjies en word met trots voltooi.

f) *Zeries* gee hulself én vir hul maats geleentheid om na die beste van hul vermoë te presteer. Ons moedig mekaar aan en is trots op onsself en ons maats wanneer ons dinge regkry.

g) Ons mag eet in dIe klas, maar nie naby ons boeke nie en slegs as ons voel ons sal nie tot pousetyd kan uithou nie.

h) Ons vra vir ‘n breuk as ons voel ons lyfie MOET nou beweeg.

i) Gedrag in die klaskamers is stil en ordelik.

j) *Zeries* hou hul klaskamers netjies.

k) Ons gee altyd ons beste.

l) Leerders moet hul eie skryfbehoeftestel besit en daar mag onder geen omstandighede enige skryfbehoeftes, by ander leerders of by die onderwyseres geleen word nie.

m) Huiswerk moet daagliks voltooi word en stipelik ingehandig word.

4. ***Algemene Speelgrondreëls***

a) Leerders moet mekaar se persoonlike ruimte in ag neem en mag nie onvaspas aan ‘n ander leerder se liggaam raak of iemand fisies seermaak nie. Geen boelie-gedrag word toegelaat nie. Boelie is wanneer ‘n leerder vir iemand iets lelik sê of doen om hulle aspris seer te maak. Leerders mag nie hulself en ander seermaak nie.

b) Respek moet ten alle tye getoon word teenoor mede Zeries op die speelgrond.

c) Zeries moet die skoolperseel en hulpmidelle oppas en nie beskadig nie. Dit geld vir plante, klaskamers asook die skool se besittings.

d) Goeie sportmangees moet ten alle tye toegepas word. Sportmangees is die regverdige en vrygewige gedrag of behandeling van ander, veral in ‘n sportwedstyd of speletjies.

e) Leerders moet mooi praat met mekaar op die speelgrond.

f) Leerders mag nie Pouse-tye in die klaskamers, saal of terapielokaal wees, sonder toesig van ‘n onderwyser nie.

Sportveld – Hier word slegs balsporte gespeel, soos sokker, netbal en volleybal.

Woord om te onthou: SPORTMANGEES!

a) Die bal mag slegs op die grond geskop word en nie in die lug nie.

b) Daar mag nie aan ‘n ander leerder se lyfie geraak word nie, soos om iemand te stoot, stamp of skop nie. As jy dit per ongeluk doen, stop die spel, help die maat, skud hande en speel verder.

Klimraam en Swaaie:- Daar mag slegs geswaai en geklim word

Woord om te onthou: VEILIGHEID!

a) Daar mag nie leerders voor of agter die swaaie verby gaan nie.
b) Leerders moet beurte maak om die swaaie te gebruik.
c) Geen leerders mag mekaar stoot op die swaaie nie.
d) Daar mag nie op die swaaie gestaan word nie.
e) Leerders mag nie van die klimraam en swaaie afspring nie.
f) Leerders moet nie te hoog swaai nie.
g) Leerders mag nie die kettings opwen of op die swaaie in die rondte draai nie.

Boomklim*: *- Hier mag slegs boom geklim word.

Woord om te onthou: VEILIGHEID!

a) Leerders mag nie op n tak klim wat dunner is as sy/ haar bo-been nie.
b) Indien daar in die boom geklim word, mag die leerder nie iets in sy/ haar hande hê nie of uit die boom na onder gooi nie. (Soos kos, klippe of speelgoed)
c) Daar mag slegs in drie bome geklim word; die boom by die bouma, die boom by Juffrou Daleen se klas asook die groot Jakarandaboom by die intermediêre klasse.
d) Leerders mag nie hoër klim as die klasse se dakke nie.
e) Slegs 3 leerders mag op ‘n slag in ‘n boom klim.
f) Leerders mag nie van die bome af spring en swaai nie.

Rusveld: - Hier mag slegs geëet, gesels en albasters gespeel word.

Woord om te onthou : CHILL!

a) Leerders mag op die veld eet en rus.
b) Geen sport mag op die veld gespeel word tydens voorskool en pouses nie.
c) Leerders mag nie te naby aan die swaaie sit nie. (3m weg)
d) Geen items mag rondgegooi word nie.
e) Leerders mag met albasters op die driehoek voor die wasbak speel.

Sandput: - Hier mag slegs met sand gespeel word.

Woorde om te onthou : RESPEK en Higiëne!

a) Sand mag nie die sandput verlaat nie.
b) Sand mag nie gegooi word nie.
c) Kos mag nie in die sandput wees nie.
d) As die leerders speelgoed gebruik het in die sandput, moet dit afgespoel en gebêre word.
e) Leerders mag nie mekaar se geboue afbreek nie.

5. Aantrede en Saalreëls

a) Wanneer die personeel aan diens hul hande klap, beweeg ons flink en ordelik na die rye en staan regop en stil. Ons luister aandagtig na die aankondigings en verdaag dan stil na ons klasse.
b) Aantredes en instap na klaskamers of die saal geskied vinnig, ordelik en stil.

6. ***Respek vir ander se harte, lyfies en besittings***

a) Swak taal, beledigende uitdrukkings en negatiewe uitsprake mag nooit gebruik word nie.

b) Rasse- of seksistiese-aanmerkings, beledigings, negatiewe uitlatings, afknouery, intimidasie, teistering of viktimisering sal nie geduld word nie.

c) 'n Maatjie se lyf is privaat. Ons respekteer mekaar se persoonlike ruimte.

d) Niemand mag 'n ander persoon se lyfie seermaak nie.

e) Boelie-gedrag word nie geduld nie en onmiddelike dissiplinêre stappe sal gevolg word in sò geval.

f) Diefstal of beskadiging van andere se besittings is ontoelaatbaar.

7. ***Algemene reëls***

a) Geen ouderdomsbeperkte literatuur, musiek, films of foto's word toegelaat op die skoolgronde nie.

b) Selfone mag glad nie gedurende skool-ure gesien of gebruik word nie. Geen verantwoordelikheid vir skade aan selfone wat skool toe gebring word, sal deur die skool, ander leerders of onderwysers aanvaar word nie. Indien 'n selfoon gekonfiskeer word, sal dit eers binne 5 skooldae, en met skriftelike aanvraag, terugbesorg word aan die betrokke kind se ouer.

c) Raserige en ontwrigtende gedrag of steurnis van ander leerders se aktiwiteite is ontoelaatbaar.

d) Geen leerder mag by die hek wag om opgelaai te word of die skoolgronde verlaat sonder toesig nie.

e) Geen leerder mag enigiets op die skoolgronde verkoop sonder toestemming van die skoolhoof nie.

f) Geen rommelstrooiing, of die vuilmaak en/of verniel van eiendom, word toegelaat nie.

g) Leerders mag nie kougom kou op die speelgrond of buite die skoolterrein terwyl hul in skooluniform geklee is nie, maar wel in die klaskamer.

8. ***Onverantwoordelike en onveilige gedrag***

a) Geen speelgoed of gevaarlike wapens mag saamgebring word skool toe nie. Sodanige speelgoed sal gekonfiskeer word.

b) Fietse, skaatsplanke, rolskaatse of derglike vervoermiddels en speelgoed word slegs op die laaste dag van elke kwartaal saamgebring skool toe en mag nie op die perseel bestuur word nie, maar eers aan die einde van die dag op die Randburg sportgronde.

c) Knoeiery met veiligheidstoerusting bv. Brandblussers, op enige manier, is teen die wet.

d) Rook, die gebruik van onwettige middele of alkohol, word nie op die skoolgrond toegelaat nie.

e) Ongemagtigde verskuiwing of beskadiging van die skool se eiendom word nie toegelaat nie.

f) Geen leerder word toegelaat in die saal, klaskamers, terapielokale, kantore of die huis op die perseel, sonder toesig en toestemming van 'n onderwyseres nie. Leerders word nie na-ure op die skoolperseel toegelaat sonder goedkeuring en teenwoordigheid van 'n personeellid nie.

g) Geen graffiti word op die skoolgebou en/of persoonlike eiendom toegelaat nie.

h) *Zeries* hou die klaskamers, badkamers en speelgrond te alle tye skoon en netjies.

9. **Stiptelikheid**

a) Skoolure, soos gespesifiseer in die Prospektus, is verpligtend.

b) Oplaaitye moet ge-eer word. Wanneer leerders smiddae laat opgelaai word, sal 'n boete gehef en by die skoolfonds gevoeg word.

c) Leerders moet 'n siekebrief na die adminkantoor e-pos (admin@elzera.co.za) indien hul afwesig was a.g.v. siekte. In alle ander gevalle, moet ouers skriftelik toestemming by die Skoolhoof vra vir afwesigheid. Siek

leerders moet asseblief tuisbly, aangesien bedrus en die regte medikasie die beste teenvoeter vir siekte is, en hul nie by die skool medies versorg kan word nie. Indien u kind siek word, sal u onmiddellik gekontak word. Leerders wat aan allergieë of bv. asma, epilepsie of diabetes lei, moet asseblief die nodige medikasie beskikbaar hê vir gebruik by die skool. In geval van nood, sal ons die leerder so vinnig as moontlik by 'n geneesheer kry vir behandeling en sal die ouer in kennis gestel word.

d) Geen leerder mag die skoolperseel verlaat sonder offisiële toestemming van die Skoolhoof of sonder 'n ouer/voog wat die kind vergesel nie.

e) Die skool het kwartaalbreuke vroegtydig geskeduleer en ouers word gevra om spesiale doktersafsprake en vakansieplanne by die skool se kalender aan te pas, sodat leerders nie onnodig skool mis nie.

10. Deelname

a) Verpligte buitemuurse aktiwiteite moet bygewoon word.

b) Daar word van leerders verwag om alle skoolverwante geleenthede en uitstappies by te woon en al hul benodigdhede saam neem (bv. kitaar, drama uitrustings, *stacking cups*, sportklere, kosblikke ens.)

c) Bywoning van alle funksies wat deur die skool aangebied word is verpligtend dit sluit in: Boeresportdag, Redenaarsbyeenkoms, Skoolsokkie, Skoolkonsert en Prestige funksie

11. *Verversings en verjaarsdae*

a) Die skool voorsien nie kos of 'n snoepwinkel nie.

b) Kinders moet hul eie kosblikke saambring met VOEDSAME, lae GI-kossoorte.

c) Geen lekkers en gaskoeldrank word toegelaat nie. Leerders word aangemoedig om 'n botteltjie met water saam met hul te dra en so gereeld as wat hul wil op te vul tydens skoolure.

d) Op verjaarsdae mag leerders 'n koek, kolwyntjies of 'n klein sakkie lekkernye vir leerders saambring skool toe. 'n Verjaarsdagkring sal tydens tweede pouse gehou word.

12. *Houdings en waardes*

a) *Zeries* se houding en gedrag is positief, optimisties en konstruktief.

b) *Zeries* beoefen die volgende positiewe karaktereienskappe by die skool en tuis: Omgee vir ander, respek vir ander, goeie verhoudings met ander, hulpvaardigheid, getrouheid, nederigheid, dankbaarheid en selfbeheersing.

c) *Zeries* stel die volgende positiewe eienskappe van werksetiek ten toon: Netheid, voltooiing van opdragte, beste pogings ten alle tye, goeie organisering, bepaling van konsentrasie by die huidige taak en aanvaarbare werkstempo.

d) Karakterontwikkeling word beloon met 'n kwartaalikse seremonie in die saal waar tydens hulle "badges" ontvang vir die tentoonstelling van die volgende karakter-eienskappe: Doelgerigtheid, Lojaliteit, Standvastigheid, Respek, Netheid, Karakter, Liefdevolheid, Diensbaarheid en

e) Positiwiteit.

Wanneer 'n leerder van *El Zera* Privaatskool in skooluniform geklee is, moet hul onthou dat hul die skool verteenwoordig. Dra jou uniform met trots en toon respek aan ander, goeie maniere en jou beste gedrag. Wees die beste ambassadeur wat jy kan wees!

***EL ZERA* PRIVAATSKOOL SE DISSIPLINÊRE KODE / PROSES:**

Oortreding van enige reel, soos uiteengesit in die skoolreëls, kan lei tot die uitvoering van dissiplinêre stappe:

Eerste fase / Aanvangsfase - Eerste waarskuwing, dissiplinêre riglyne, grasie tydperk en terugvoer

Stap 1: Eerste Skriftelike waarskuwing uitgereik vir aandag aan een of albei ouers.

Stap 2: Vergadering met een/albei ouers en voorlegging van dissiplinêre riglyne vir betrokke leerder.

Stap 3: Grasie periode soos bepaal deur die skoolhoof en betrokke onderwysers.

Stap 4: Terugvoeringsvergadering oor effektiwiteit van dissiplinêre riglyne tussen een/albei ouers en die skoolhoof en nodige aanpassings tot die riglyne, indien leerder aan die grasie-periode se voorwaardes voldoen het.

Tweede fase - Tweede waarskuwing

Stap 5: Tweede Skriftelike waarskuwing aan een of albei ouers indien leerder in enige stadium gedurende, of na afloop van, die aanvanklike grasie-periode nie aan skoolreëls of aan die voorwaardes van die dissiplinêre riglyne soos uitgeryk in die aanvangsfase van die dissiplinêre proses, voldoen nie.

Derde fase - Tydelike skorsing van leerder, dissiplinêre verhoor, permanente skorsing van leerder

Stap 6: Derde Skriftelike waarskuwing en kennisgewing van dissiplinêre verhoor aan een of albei ouers. Tydelike skorsing van leerder tot en met uitspraak van dissiplinêre verhoor.

Stap 7: Dissiplinêre verhoor met leerling, een/albei ouers, skoolhoof en klasonderwyser teenwoordig.

Stap 8: Skriftelike uitspraak van die dissiplinêre verhoor: permanente skorsing van leerling en aanbevelings vir plasing by ‘n ander instansie.

Kontak Inligting van Opvoeders

OPVOEDER	***SELFOON NO.***	***EPOS ADRES***
Catherine Jones Eienaar/Skoolhoof	083 448 1511	catherine@elzera.co.za
Susan du Plooy Adminkantoor	011-791 5172	admin@elzera.co.za
Twanette Staunton Graad R-1 Graadvoog, Grondslagfase	079 655 0111	
Daleen Massÿn Graad 2-3 Graadvoog, Grondslagfase	076 575 6813	
Roelien Hocking Graad 4 Graadvoog, Intermediêre fase – Engels Gr. 4-7	079 651 6285	
Vanessa Boshoff Graad 5 Graadvoog, Intermediêre fase – Afrikaans Gr.4-7	072 901 0442	
Lizette Brink Graad 6 Graadvoog, Intermediêre fase – Byvakke Gr. 4-7	071 679 4483	
Izelle Pretorius Graad 7 Graadvoog, Intermediêre Fase Wiskunde Gr. 4-7	083 278 0243	
Carla Otto Naskooljuffrou	073 823 2999	

El Zera Privaatskool - Kontakbesonderhede

Adres:
98 Eliseweg, Fontainebleau,
Randburg, 2194

Admin Kantoor
Susan du Plooy
E-pos adres: admin@elzera.co.za
Kantoor: 011 791 5172

Catherine Jones – Eienaar/Skoolhoof
E-Pos adres: catherine@elzera.co.za
Kontaknommer: 083 448 1511

Skool E-pos & Webtuiste
admin@elzera.co.za
www.elzeraprivaatskool.co.za (Mysite)